

VARSWATERHENDEL (C)

Graad 6



A DOEL

Om aan die Penkop en Drawwertjie:

1. Die verskil tussen gebruik (vir eie behoefte) en misbruik van natuurlike hulpbronne, te leer.
2. Die wonder van die skepping tuis te bring deur die natuur op 'n besondere wyse te laat ervaar.
3. Geduld aan te leer.
4. Deur kennis 'n liefde en waardering vir ons natuur te kweek.

B VEREISTES

Die Penkop en Drawwertjie moet:

1. Gen. 1: 19-22 en ook Gen. 1 :25-30 lees en bespreek. Soek nog voorbeelde in die Bybel waar visse 'n rol speel.
2. Kennis opdoen van **vier** verskillende soorte visse, hul habitat en gewoontes.
3. In staat wees om minstens drie inheemse visse te identifiseer.
4. Kennis neem van twee uitheemse visse in ons waters, weet hoekom hulle aanvanklik ingevoer is en van watter nut of gevaar hulle vandag vir ons visse is.
5. Weet waar en waarom visse gemerk word.
6. Weet watter visse volgens grootte geskik is om te vang vir eet en watter liever lewend teruggeplaas moet word. Gee redes hiervoor.
7. Tydens 'n bespreking kennis opdoen oor die verskillende hengelmetodes, hoekom verskillende metodes gebruik word en kan aflei watter metode geskik is vir bepaalde omstandighede.
 - Kunsvliegengel.
 - Damengel.
 - Rivierengel.
8. Kennis dra van die verskillende soorte hengelterreine.
9. Die volgende hengelterreine ken en dit met vertroue kan gebruik: Stokke, mikke, katrolle, soorte lyne, sinkers, hoeke, lynstroppe, draaiskakels, dobbertjies, aas, skepnette en bergnette.
10. Weet wanneer die hengelseisoene vir verskillende visse in sy omgewing is.
11. Weet hoekom permitte nodig is en wat die beperkings is. Waar moontlik teenwoordig wees as 'n permit of 'n lisensie uitgeneem word.
12. 'n Hengeluitstappie reël deur die volgende fasette in aanmerking te neem:
 - regte hengelseisoen vir die vis wat gevang gaan word.
 - weet wat is die beperkings wat die permit of lisensie bepaal.
 - regte vangplek soek vir 'n bepaalde vissoort.
 - hengelplek sinvol kan inrig.
13. 'n Praktiese hengelsessie van 'n nag en 'n dag meemaak:
 - hengelterreine self voorberei (hoek aansit, katrol gereedmaak, aas aansit, ingooi, sit of staanplek inrig).
 - met naghengel kennis maak en dit ervaar.
 - weet hoe om die vis te versorg (teruggooi of berg).
 - moet die nodige knope aanleer en kan maak.
 - moet die hengelplek opruim voor vertrek.
14. Die vangs voorberei vir 'n maaltyd:

- die vis effektief en vinnig kan doodmaak.
- die vis skoonmaak en ingewande verwyder.
- die vis voorberei vir die verkose gaarmaakmetode.
- die gereg keurig voorsit.
- doen 'n gebed voor die maaltyd.

C AANBIEDING

1. Vereiste 1. Lees voorgeskrewe dele in die Bybel. Bespreek kortliks die skepping met klem op visse.
2. Vereiste 2 en 3. Gebruik foto's of video's of besoek 'n varswater akwarium om die visse bekend te stel en te identifiseer.
3. Vereiste 4. Hanteer die uitheemse visse dieselfde as by vereistes 2 en 3.
4. Vereiste 5. Inligting kan bloot teoreties oorgedra word of dit kan oorgedra word tydens 'n demonstrasie.
5. Vereiste 6. Hanteer vanuit 'n bewaringsoogpunt (doel 1)
6. Vereiste 7, 8 en 9. Die bekendstelling aan die nodige hengeltgerei kan by 'n winkel wat dit bevoorraad, gedoen word of selfs tydens 'n besoek aan 'n entoesiastiese hengelaar.
7. Vereiste 10 en 11. Inligting kan by 'n hengeltgerei winkel of by bewaringsinstansies bekom word.
8. Vereistes 12, 13 en 14. Praktiese toepassing nadat goeie demonstrasies gegee is.